

4 November

Lukas 15:1-7

(Teks: 15:5)

Blydskap gevind

Baie mense loop dikmond en langgesig rond en beskuldig die lewe vir hulle ongelukkigheid met die verwyd dat die lewe altyd met die verkeerde kant na hulle toe staan. Hulle kry nooit voorspoed, geluk of vreugde nie. Soos verskopte en verjaagde mense moet hulle sonder blydskap en vreugde hulle lewe slyt. Is dit hoe 'n mens vreugde kry; van buite af? Hulle dink blydskap en vreugde kom op wiewetjies na jou toe aangery. Blydskap en vreugde is geen verdienste nie. Ware, egte blydskap en vreugde kry jy wanneer jy dit gaan ontdek. Vanuit 'n ander hoek benader, bied die gelykenis van die verlore skaap riglyne ten opsigte van lewensvreugde. Toe die skaapwagter die 99 skape agterlaat om na die een verlore skaap te soek, het hy seker nie gedink dat hy in die soektog soveel blydskap sal vind nie. Die skaap wat weg was, was vir hom 'n bekommernis. Hy het ellendig gevoel. Maar in die uitvoering van sy plig keer sy ellende om in vreugde en sy swaarmoedigheid word groot blydskap. So vind die Goeie Herder jou nadat jy verlore was. In Jesus se arms is jou vreugde en blydskap, want dit is vrugte in die lewe van die verlore kind van God. God wys deur sy Gees en Woord die regte pad aan om vreugde in Hom te kan vind. Blydskap en dankbaarheid is die sopraanstemme in die jubelkoor van 'n uitverkore, bevryde kind van God.

Sing Skrifberyming 33:1,2 en 3Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)